

Gereformeerde Kerk Bellville – 16 Oktober 2016 – Aand

Sing vooraf staande: Skrifberyming 12-3:1, 2

- 1 Enigste Here, enkele Wese, / ons glo in U met ons hele hart.
Heerlik bely ons, vry-uit getuig ons: / U is vir ewig God en Heer.
- 2 U, onbegryplik, U is onsienlik, / altyd dieselfde, oneindig groot.
U is almagtig, wys en regverdig – / U is die bron van alle goed.

Ons hulp is in die Naam van die Here wat die hemel en die aarde geskape het.

Geliefdes, genade en vrede vir u van God ons Vader en die Here Jesus Christus deur die kragtige werking van God die Heilige Gees.

Amen.

Psalm 48:1, 5 (p. 243)

- 1 Die HEER is groot waar Sions top / hom wentel uit die dieptes op.
Hy is lofwaardig, waar verhewe / die berg en stad in songlans bewe,
en Sion teen die noorde / blink, bó die lof van woorde.
Daar waar in vlekkelose wit / die Koning van die wêreld sit,
het Hy, wat een die vyand waak, / as rotsburg Hom bekend gemaak.
- 5 Laat Sions berg weerklink van vreug! / Laat Juda's dogters hul verheug,
omdat Gods oordeel hul verbly het – / dié oordeel wat sy volk bevry het.
Aanskou die stad met skanse, / paleise, toringtranse –
hoedat hul pryk met nuwe prag. / En meld dit aan die jong geslag:
Die God is onse God, en Hy / sal tot die dood toe ons gelei.

Gebed

Psalm 33:3, 4 (p. 158)

- 3 Hy min die reg in alle dinge, / want enkel waar en reg is Hy;
tot by die aard' se verste kringe / sien ons sy goedheid uitgesprei.
In sy alvermoë / het Hy hemelboë / deur sy woord gestig;
deur sy Gees 'n ganse / leërskaar van glanse / skitt'rend aan laat lig
- 4 Hy laat die wilde wêreldseë / geweldig aanswel tot 'n hoop;
in voorraadskuur, omlaag geleë, / stuit Hy die waters in hul loop.
Voor Hom, Skepper-HERE / van die see en mere, / van wat is en leef,
moet die verste strande, / volke in al die lande / skrikverslae beef.

Skriflesing: Genesis 1:24-31; 2:15-17; 3:1-24; Heidelbergse Kategismus, Sondag 3

Kernvers: Genesis 1:27; 2:16-17; 3:20-21

En God het die mens geskape na sy beeld; na die beeld van God het Hy hom geskape; man en vrou het Hy hulle geskape. (Genesis 1:27 AFR53)

En die HERE God het aan die mens bevel gegee en gesê: Van al die bome van die tuin mag jy vry eet, maar van die boom van die kennis van goed en kwaad, daarvan mag jy nie eet nie; want die dag as jy daarvan eet, sal jy sekerlik sterwe. (Genesis 2:16-17 AFR53)

En die mens het sy vrou Eva genoem, omdat sy moeder geword het van alles wat lewe. En die HERE God het vir die mens en sy vrou rokke van vel gemaak en hulle dit aangetrek. (Genesis 3:20-21 AFR53)

Heidelbergse Kategismus

Vraag 6: Het God die mens dan so sondig en verkeerd geskep?

Antwoord: Nee, God het die mens goed (a) en na sy ewebeeld geskep (b). Dit beteken: in ware geregtigheid en heiligheid, sodat hy God sy Skepper reg kon ken, Hom van harte kon liefhê en saam met Hom in die ewige saligheid kon lewe om Hom ewig te loof en te prys (c).

(a) Gen 1:31. (b) Gen 1:26, 27. (c) Efes 4:24; Kol 3:10; 2 Kor 3:18.

Vraag 7: Waar kom hierdie verdorwe natuur van die mens dan vandaan?

Antwoord: Van die val en ongehoorsaamheid van ons eerste ouers, Adam en Eva, in die paradys (a). Daar het ons natuur so verdorwe geraak dat ons almal in sonde ontvang en gebore word (b).

(a) Gen 3; Rom 5:12, 18, 19. (b) Ps 51:7; Gen 5:3.

Vraag 8: Is ons so verdorwe dat ons glad nie in staat is om iets goeds te doen nie en tot alle kwaad geneig is?

Antwoord: Ja (a), behalwe as ons deur die Gees van God weergebore word (b).

(a) Gen 8:21; 6:5; Job 14:4; 15:14, 16, 35; Joh 3:6; Jes 53:6. (b) Joh 3:3, 5; 1 Kor 12:3; 2 Kor 3:5.

Tema: Waarom die mens van nature 'n sondaar is

Geliefde gemeente van ons Here Jesus Christus, ons kom vanaand by die tweede hoofstuk in die eerste deel van ons Kategismus wat handel oor die ellende van die mens. In Sondag 2 het ons stilgestaan by die vraag: Hoe kan die mens weet dat hy 'n sondaar is? Die mens wat met liggaam en siel in lewe en in sterwe aan Jesus Christus behoort, weet uit die wet van God dat hy 'n sondaar is.

In die wet leer die mens wat God van hom verwag. Die mens moet God liefhê met alles wat hy is en het. En hy moet sy naaste liefhê soos homself. Elke dag beleef hierdie mens wat met liggaam en siel aan Christus behoort groot teleurstelling. Die ware gelowige neem hom elke dag voor dat hy – gehoorsaam aan die Here sy God – Hom en sy naaste gaan liefhê met woord en daad. Maar aan die einde van die dag staan sy oortredinge van daardie dag in 'n ry voor hom. In skaamte laat sak hy sy kop en sê: Ek kon dit vandag weer nie regkry om die Here ten volle te gehoorsaam nie.

Die oortredinge wat hy dié dag begaan het, was nie maar net 'n geval dat hy nie vir God en sy naaste liefgehad het of te min liefgehad het nie. Dit is inderwaarheid baie erger. Sy natuur-like gedrag teenoor God en naaste is deur en deur haat. Van nature staan die mens in vyand-skap teenoor die Here. Hy kan en wil homself nie gewillig aan die Here se wet onderwerp nie. Van nature is die mens selfsugtig en hoogmoedig teenoor sy naaste. Hy is altyd daarop uit om te sien watter voordeel hy kan trek uit 'n situasie, selfs al is dit ten koste van sy naaste.

Ons moet daarop let dat die persoon wat die vrae in ons Kategismus stel iemand is wat by die mens – wat met liggaam en siel aan Christus Jesus behoort – wil leer. Hy wil meer te wete kom van hierdie troos waarin die gelowige kan lewe en sterwe. Die antwoorde wat hy tot dusver uit die mond van die gelowige gehoor het, het hom nog net gewys hoe diep gewortel die sonde en ellende van die mens is. Die haat teenoor God en ander mense is die natuurlike geaardheid van die mens. Daarom wil die ondervraer weet waar die sondige geaardheid van die mens vandaan kom.

Omdat die vraagsteller al plek-plek in die Bybel gelees het, weet hy dat God die mens ge-

skep het. Daarom vra hy aan die gelowige of God die mens dan so sondig en verkeerd geskep het. Hierdie vraagsteller het nog nie self hierdie troos waarin die gelowige lewe nie. Maar uit die vorige gesprek het hy self agtergekom dat dit nie die gelowige is wat van nature 'n sondaar is nie. Hy is self ook van nature 'n sondaar. En eie aan sy selfsugtige geaardheid is hy nie bereid om sommer net so te aanvaar dat hy eintlik self skuld het aan sy sondige geaardheid nie. Daarom vra hy of God die mens dan so sondig en sleg geskep het.

Die gelowige se antwoord is egter baie duidelik. God het die mens beslis nie as 'n sondaar geskep nie. Inteendeel, God het die mens goed geskep. Let op hoe staan dit in Genesis 1 geskryf. Van die eerste dag af waarop God geskep het tot voordat Hy die mens skep, sê God elke keer dat sy skepping goed was. Ses keer staan daar geskryf dat die skepping goed was. Maar nadat God die mense geskep het, was die skepping nie net goed nie. Dit was baie goed. God het nou die kroon op al sy skeppingswerk daargestel – die mens. Nou is sy skepping volmaak.

Trouens, as jy daardie eerste twee mense sou hoor praat en sien optree teenoor mekaar, teenoor die res van die skepping en teenoor God sou jy inderwaarheid die Here God deur hulle kon leer ken. God het die mense – die man en die vrou – na sy ewebeeld geskep. Om dit te verstaan is tog nie so moeilik nie. 'n Goeie kunstenaar kan 'n lewensgroot en getroue weergawe van 'n dier in 'n beeld weergee. As jy daardie beeld goed bestudeer, sal jy weet hoe lyk hierdie dier. En as jy die lewende dier te sien kry, sal jy weet dat jy hom al ken uit die beeld wat jy gesien het.

God het die mens na sy beeld geskep om Hom te weerspieël. Die mens is nie wat sy voorkoms betref beeld van God nie. God het die mens geskep om Hom te weerspieël sover dit sy eienskappe betref. Soos wat God met liefde en sorg optree teenoor sy skepping, so het die volmaakte mens dit ook gedoen. Die mens was in ware geregtigheid en heiligheid geskep. Soos wat daar geen verkeerdheid in God is nie, so was daar in die eerste twee mense ook nie 'n greintjie verkeerd nie.

Om die waarheid te sê, God het mens as beelddraer van Hom geskep omdat hy in die amp van verteenwoordiger van God was. Soos wat God oor sy skepping sorg en beheer uitoefen moes die mens in die tuin waarin die Here hulle laat woon sorg en beheer uitoefen. God het aan die mens die verantwoordelikheid gegee om daar in die tuin die Here te verteenwoordig deur die sorg en beheer wat hulle moes uitoefen.

Aangesien God die mens volmaak geskep het, het Hy presies geweet waartoe hierdie mens van Hom in staat is. Hy ken sy God en Skepper. Die mens het sy God lief soos wat 'n kind sy Vader liefhet. Dit is immers hoe die verhouding tussen God en die mens aan die begin was (Luk 3:38). Sonder enige teëspraak het die mens van die begin af presies gedoen wat God van hom verlang, want die mens het geweet hoe goed en regverdig God is. En God weet wat goed en reg is. Daarom het die mens ook die woord van die Here geglo toe Hy vir hom gesê het dat hy van al die bome vryelik mag eet, behalwe van die boom van kennis van goed en kwaad.

Die mens het nie met God probeer onderhandel of hom teëgesit nie. Alhoewel hy geweet het dat God se hele skepping goed was, het hy ook geweet dat daar nie iets kwaads of sleg aan die vrugte van die boom van kennis van goed en kwaad is nie. Die Here het eenvoudig net gesê dat hy nie daarvan mag eet nie en dit was genoeg. Die Here het nie nodig gehad om met die mens te onderhandel of vir hom 'n rede te gee nie. Vir die mens was dit goed genoeg as die Here weet wat die verskil tussen goed en kwaad is. Hy wat die

mens is hoef dit nie te weet nie, want die Here sal hom leer wat hy moet weet.

Toe die Here dan aan die mens gesê het dat hy nie van die boom van kennis van goed en kwaad se vrugte mag eet nie, het die Here geweet dat die mens in staat is om hieraan gehoorsaam te bly. Daar was immers nie in die mens die geringste begeerte om hierdie bevel van die Here te verontagsaam nie. Selfs die dreigement van dood het nie die mens nuuskierig gemaak om uit te vind wat sterf beteken nie. Maar uit die woorde van die Here het die mens geweet dat God ernstig is met sy waarskuwing.

Gelowiges kan dus met groot vrymoedigheid aan alle mense vertel dat God die mens nie sleg gemaak het nie. Die Here het aan die mens alles gegee waarmee hy die Here gewillig kon liefhê en gehoorsaam. En aanvanklik het die mens aan hierdie verwagting van die Here voldoen.

Hierdie antwoord lok die volgende vraag by die vraagsteller uit. As God die mens dan so goed en volmaak geskep het, waar kom hierdie verdorwe natuur van die mens dan vandaan? Nou kan die gelowige sy vraagsteller help om die Bybel verder te lees en te hoor wat van die mens geword het.

In 'n stadium het die duiwel – die gevalle engel en aartsvyand van God – gekom en die mens verlei. Met slinksheid het hy die waarheid van die Here verdraai. En net met hierdie geringe veranderinge aan die Here se woorde het hy leuens vertel. Maar die duiwel is so uitgeslape dat sy leuens vir die mens heeltemal aanvaarbaar geklink het. Dit het werklik gelyk asof dit wat die duiwel vir die mens aanbied baie beter is as dit wat God nog altyd vir die mens gegee het. Die mens het toe vir die leuens van die duiwel geval en ongehoorsaam geword aan die Here. Hulle het van die vrugte gepluk en daarvan geëet. Dit is hoe dit gekom het dat die mens 'n verdorwe natuur gekry het. En wat dit nog erger maak is dat dit nie net die eerste twee mense is wat so 'n verdorwe natuur gekry het nie. Al die mense wat na hulle kom – onthou die vrou is die moeder van alle mense – word in sonde ontvang en gebore.

Dit is hierdie woorde – dat alle mense in sonde ontvang en gebore word omdat die eerste mense ongehoorsaam was aan die Here se woorde – wat 'n hele klomp vrae by ongelowiges en ook by die vraagsteller laat ontstaan. Hoe kan dit dan wees dat mense wat glad nie eers gedoen het wat daardie eerste mense gedoen het ook nou met die nagevolge moet sit van 'n verdorwe natuur?

Dit is omdat die mens as beeldraer van God ook in 'n ander posisie was. Die eerste mens – Adam – het nie net vir God in die skepping en teenoor sy vrou verteenwoordig nie. As die heel eerste mens is hy die hoof van alle mense en het hy ook alle mense wat uit hom sou voortkom voor God verteenwoordig. God het hom in daardie posisie gestel omdat Hy hom geskep het. Omdat alle mense van Adam afstam, deel hulle nou in sy sonde teenoor God. Sy sonde het dus nie net sy verhouding met God laat verbrokkel nie. Sy sonde is soos 'n in-feksie wat ná Adam dwarsdeur al die geslagte versprei. En dit het baie vinniger as 'n epide-mie versprei.

Hierop protesteer die vraagsteller dadelik: Maar dit is mos nie regverdig nie! Hoe kan die mense van vandag nog die gevolge dra en geoordeel word oor die sonde wat Adam gedoen het? Ons moet tog onthou dat God aan Adam hierdie unieke posisie van hoof en verteenwoordiger van die mensdom gegee het. Was dit nie God se reg om as Skepper te doen wat goed en reg is in sy oë nie? Hy het mos geweet dat die mens volmaak was en in staat om die Here te gehoorsaam. Die Here het dan self vir Adam geskep.

In plaas daarvan dat 'n mens wat in elk geval so verdorwe is dat hy van nature vir God

haat enigsins probeer om te oordeel of God regverdig is om alle mense die misdaad van Adam toe te reken, moet 'n mens net eers stil word en nadink. Dink na oor hoe groot die teleurstelling vir God is. Hy het 'n volmaakte mens geskep en die mens het Hom volmaak gehoor-saam en liefgehad. Maar hierdie mens het eiewillig sy rug op die Here gedraai en na die vyand geluister en hom geglo. Ons kom nou-nou terug op hierdie teleurstelling van God en wat Hy daarmee gedoen het.

Kyk net eers wat die twee nagevolge van Adam se oorspronklike sonde is. Elke mens wat gebore word, word as 'n vyand en 'n skuldige sonder gebore. Hy dra in hom die kiem van sonde. Selfs die pasgebore baba is skuldig voor die Here, want hy het in hom 'n sondige natuur. En die tweede nagevolg is dat mens in sy wese korrup en sondig geword het. Al daardie volmaakte gawes wat die mens voor die sondeval gehad het om God lief te hê en Hom te ken en gewillig te dien, het hy verloor. Sy verstand, sy hart en sy wil is geheel en al deur die sonde aangetas sodat hy eintlik dood is in vergelyking met sy toestand voor die sondeval. Daarom is die mens van nature geneig om God en sy naaste te haat.

Hierdie misdaad van die mens het die hele mensdom onder die toorn van God geplaas. By al die ellende wat oor die mens gekom het as gevolg van die sonde – dit is alles teken van die toorn van God waaronder die mens is – het die Here die mens ook uit die tuin van Eden verdryf. Net deur harde werk sal die mens nog 'n bestaan kan maak op die aarde. Daar is nie meer net 'n suiwer seën op die aarde nie, want die aarde bring dorings en dissels voort. Die seën om kinders te mag hê word nou 'n pynlike en smartlike proses vir die vrou. Selfs die skepping gaan gebuk onder hierdie toorn van God. Daarom is daar siektes, oorloë en dood, droogtes, oorstromings en aardbewings.

En hierdie ellende duur nie net vir solank as wat die mens in hierdie lewe is nie. Indien daar nie 'n omkeer kom nie, sal die ellende vir ewig duur in die ewige dood wat die mens kan sterf en sommige al gesterf het. Kan die mens dan niks doen om alles weer om te keer nie? Kan die mens niks goeds meer doen nie? Het die mens dan so sleg geword dat hy op sy eie net die ewige dood in die gesig staar?

Ja, dit is wat vir die mens wag as daar nooit 'n omkeer sou gekom het nie. Die teleurstelling vir God was bitter groot, maar Hy regeer ook oor en deur sy teleurstelling heen. Weens sy sonde dra die mensdom gevolge wat regtig erg is. Maar dit is nie al wat die Here vir die mens oor het nie. Daar is nog genade en barmhartigheid in God se hart oor.

Daarom kan die gelowige aan die vraagsteller wys: Kyk na die belofte wat die Here maak. Die nageslag van die vrou sal die slang se kop vermorsel alhoewel die slang hom in die hakskeen sal byt. Maar die Here laat sy genade en barmhartigheid nie net by 'n belofte bly nie. Reeds nadat die oordeel oor die mensdom uitgespreek is, laat die Here sy genade en barmhartigheid deurskemer. Die Here het vir die mens en sy vrou rokke van vel gemaak en dit vir hulle aangetrek.

Hierdie rokke van vel beteken dat daar 'n dier of diere moes sterf sodat die mens en sy vrou se naaktheid bedek kon word. Die mense het so verdorwe geraak dat hulle maar 'n karige bedekking vir hulle naaktheid gekies het – vyeblare. Net die Here kon hulle behoorlik klee. In sy sonde staan die mens naak en skuldig voor die heilige God. Net God kan die mens weer in so 'n toestand kry dat hy nie meer skuldig en sondig voor God staan nie. Daarom het God sy Seun gestuur. Waarmee die eerste mens nie kon volhou nie – volmaakte ge-hoorsaamheid – het Hy kom doen. Wat die mens nie in staat was om te dra nie – die regverdige straf op die sonde – het Hy kom dra. En na sy opstanding en

hemelvaart het Hy sy Heilige Gees gegee om mense weergeboorte te skenk sodat Hy hulle van vooraf nuut en volmaak kan maak.

Amen!

Slotgebed

Psalm 86:2, 6 (p. 431)

- 2 Wie is tog, soos U, weldadig? / Wees my dan, o HEER, genadig,
want my roepstem en geklag / klim tot U die ganse dag.
Hoor my in my sielsverlange; / gee my vreugde en vreugdesange;
want ek hef my hart en oog, / troue God, tot U omhoog.
- 6 Leer my na u wil te handel, / 'k sal dan in u waarheid wandel;
neig my hart en voeg dit saam / tot die vrese van u Naam.
HEER, ek hef my hart na bowe, / nuwe sangstem sal U lowe,
nuwe dank sal voor U rys – / 'k sal u Naam vir ewig prys.

Die genade van ons Here Jesus Christus, die liefde God die Vader en die gemeenskap van die Heilige Gees sal met elkeen van julle wees en bly.

Amen.

Ds Coenraad Vrey
Gereformeerde Kerk Bellville
16 Oktober 2016